**INSTITUUT VIR EIETYDSE GESKIEDENIS**
**Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat**

| Bron nr. | Datum | Onderwerp nr. | Knipsel nr. |
| --- | --- | --- | --- |
| 0043 | 971014 287 | 8 | 12871 |

DIE BURGER Jg. 83 Nr. ...... P. 14 Dat. 14 OCT 1997

# AHI wil geld van risikofonds gee vir slagoffers

KAAPSTAD. – Die Afrikaanse Handelsinstituut sê in sy voorlegging aan die WVK 'n deel van die reserwes van die Spesiale Risikoversekeringsmaatskappy (Sasria) moet gebruik word vir vergoeding vir skade weens apartheid.

Sasria, wat in 1979 gestig is om mense teen politieke oproer te verseker, het reserwes van R8,384 miljard sonder sy oorskotte. In sy laaste boekjaar tot Desember 1996 het hy R295 miljoen ontvang en minder as 5% aan eise uitbetaal. Die fonds kry 'n inkomste uit beleggings, wat sy reserwes in sy lopende boekjaar tot R10 miljard kan opstoot.

Mnr. Trevor Manuel, Minister van Finansies, het vroeër gesê 'n deel van die fonds sal waarskynlik gebruik word om staatskuld te delg. Die fonds is nog besig om met Manuel hieroor te onderhandel, maar die Regering is nie die enigste aanspraakmaker nie.

Mnr. Theo van Wyk, AHI president, het gister gesê die delging van staatskuld is 'n aanvaarbare aanwending van die geld, maar daar is verskillende aansprake daarop. Die gebruik daarvan vir vergoeding soos die WVK bepaal, is 'n doelwit waarmee sterk potensiële aanspraak op die Sasria fonds gedoen kan word.

Onlangs is ook in Besigheid Suid-Afrika en deur die korttermynversekeringsbedryf aangevoer dat die geld gebruik moet word om versekeringspremies te subsidieer.

"Dit is 'n interessante regsdebat om te bepaal aan wie dié geld behoort, maar 'n sterk morele argument is dat die WVK dit vir vergoeding kan gebruik," sê Van Wyk.

Die fonds is 'n skepping van die apartheidsera om verliese weens politieke onluste te dek. Dié gevaar het grootliks verdwyn "en dit lyk logies om 'n deel van die opgehoopte fonds vir vergoeding en menslike ontwikkeling te benut deur relevante vaardigheidsopleiding," sê die AHI.

Die AHI spreek in sy voorlegging sy opregte spyt uit vir foute wat hy gemaak het deur apartheid te ondersteun. Hy meen egter nie die sakesektor het baat gevind by apartheid nie omdat dit die hele land verarm het.

Oor kritiek dat die AHI 'n WVK voorlegging namens sakelui gedoen het, antwoord Van Wyk dat 'n versoek ontvang en die dokument ná breë oorlegpleging opgestel is. Dit is wyd gesirkuleer en hy meen dit geniet wye aanvaarding. – (Sakeredaksie)

**TREFWOORDE**

1. AHI
2. Getuienis
3. Kommissie vir Waarheid
4. Voorstelle
5. Fondse
6. Risikos
7. Uitdeling
8. Slagoffers
9. Vaardige Ontwikkeling
10.